

OMGEWINGSIMPAKEVALUERINGSPROSES

MEI 2009

AGTERGRONDINLICHTINGS-DOKUMENT

VOORGESTELDE OPGRADERING VAN DIE
VERWOERDBURG SUBSTASIE EN DIE NUWE
PHOEBUS SUBSTASIE, SOWEL AS DIE
KWAGGA-PHOEBUS 400 kV TRANSMISSIELYN
OPGRADERING INSLUITEND 'N 275 VOEDER
BAAI VIR DIE KWAGGA SUBSTASIE
EN GEASSOSIEERDE INFRASTRUKTUUR

GAUTENG PROVINSIE

'N ESKOM INISIATIEF



Die huidige Eskom transmissie netwerk verskaf krag aan die Stad van Tshwane deur drie punte, naamlik: Kwagga, Njala en Verwoerdburg. Die gekontraakteerde reserwe van elke punt word gereeld hersien. Die nuutste inligting wys dat die Kwagga reserwe het 'n kapasiteit van 840 MVA, Njala het 'n kapasiteit van 650 MVA terwyl Verwoerdburg 'n kapasiteit van 200 MVA beskik. Die meter bepaling wys dat die maksimum lading van 920 MVA by Kwagga, 700 MVA by Njala en 208 MVA by Verwoerdburg bereik is in 2007.

Die stad van Tshwane het aansoek gedoen vir die verskaffing van nuwe punte en 'n stapsgewyse lading verhoging deur kontak te maak met Eskom Transmissie en Verspreiding. Die die partye het ooreengekom op 'n 20 jar ladingsverspelling vir die Stad van Tshwane Munisipaliteit en Eskom transmissie netwerke aan Tshwane moet versterk word. A aantal opsies was ondersoek gebaseer op die tegniese en ekonomiese voordele van alle partye betrokke.

Die voorgestelde oplossing, bekend as die Stad van Tshwane Elektrisiteit Verskaffingsplan Skema stel voor dat vier nuwe substasies opgerig word in die Tshwane area. Daar word drie beoog deur Eskom en een deur Tshwane. Die laasgenoemde substasies sluit die volgende in: Eskom Phoebus 400/275/132 kV substasie; Eskom Verwoerdburg 400/132 kV substasie; Eskom Anderson 400/132 kV substasie en Tshwane 400/132 kV Wildebeest substasie in. Die voorgestelde oplossing sal die Tshwane elektrisiteitstekort aanvul en sal goedkoper wees om aan te pak. Die oplossing sal ook die hoe ladings by die Minerva- en Apollo Substasies verlaag.

Fase 1 van die skema bestaan uit die volgende:

- » Oprigting van 'n 275 kV lyn vanaf Phoebus tot Kwagga substasies (~30km);
- » Vasstelling van die Phoebus substasie en uitbreiding van die Kwagga substasie; en
- » Vasstelling van die Verwoerdburg substasie en 2x 400 kV inlus en uitlus lyne van Apollo-Pluto.

DOEL VAN HIERDIE AGTERGRONDI NLI GTI NGSDOKUMENT

Hierdie dokument stel dit ten doel om u, as belangstellende en/of geaffekteerde party (B&GP), te voorsien van:

- » 'n oorsig van die komponente van die nuwe Transmissielyste en opgradering van substasies wat deur Eskom Transmissie voorgestel word.
- » 'n oorsig van die Omgewingsimpakevaluering (OIE)-proses en studies wat onderneem word om die projek te evalueer.
- » besonderhede van hoe u by die OIE-proses betrokke kan raak, inligting kan ontvang of vraagstukke kan opper wat u dalk mag raak en/of vir u van belang kan wees.

OORSIG VAN DIE VOORGESTELDE PROJEK

Die Tshwane Versterkingsprojek sluit die volgende komponente in:

- » Uitbreiding van die bestaande Verwoerdburg Substasie.
- » Oprigting van 400 kV inluslyne vanaf Apollo-Pluto transmissielyste om die Verwoerdburg Substasie te voer, 'n afstand van ongeveer 6 km.
- » Oprigting van 400 kV inluslyne om die Phoebus Substasie te voer vanaf die Apollo-Dinaledi transmissiekraglyn, 'n afstand van ongeveer 10 km.
- » Oprigting van 'n nuwe 400 kV transmissiekraglyn tussen die Phoebus Substasie en die Kwagga Substasie, 'n afstand van ~30 km.
- » Konstruksie van die nuwe Phoebus Substasie, aangrensend aan die Hangklip Substasie.

Die voorgestelde projek bestaan uit ongeveer 46km nuwe kraglyn. Die doel van hierdie voorgestelde projek is om:

- » die betroubaarheid van die bestaande Sentrale Transmissie netwerk te verbeter.
- » die regulering van spanning op die Sentrale Netverspreiding en die stad van Tshwane

Munisipaliteitnetwerk te verbeter.

- » bykomende Transmissienetwerkvermoë te skep indien daar 'n toenemende vraag na elektrisiteit in die Sentrale Net benodig word.

Daar is reeds tegniese uitvoerbare alternatiewe vir transmissiekraglyne binne die breër studiegebied geïdentifiseer en geëvalueer. Gedurende die OIE-proses sal die alternatiewe wat voorkeur geniet benoem word vir die twee komponente van die projek. Daar is ook geen alternatiewe met betrekking tot terreinliggings vir die substasies nie, aangesien die bestaande substasies reeds in die omgewing is. Die kraglynserwitute sal deur 'n onderhandelingsproses met elke grondeienaar bespreek en verkry word en dit sal onderhewig wees aan die goedkeuring van die Departament van Omgewingsake en Toerisme (DEAT). Die onderhandelingsproses vir serwitute staan onafhanklik van die OIE-proses.

OMGEWINGSIMPAAKEVALUERINGSPROSES

Ingevolge Hoofstuk 5 van die Nasionale Wet op Omgewingsbestuur (NEMA, Wet No 107 van 1998), is *'die oprig van fasiliteite of infrastruktuur, insluitende die gepaardgaande strukture of infrastruktuur, vir die transmissie en verspreiding van bogrondse elektrisiteit met 'n kapasiteit van 120 kilovolt of meer 'n gelyste aktiwiteit wat 'n OIE verlang (Item 1(l) van Skedule 2)*. Daarom verlang Eskom magtiging van die Nasionale Departement Omgewingsake en Toerisme (DEAT) (in konsultasie met die Gautengse Provinsiale Departement van Landbou, Bewaring en Omgewingsake (GDACE) asook die Noordwes Provinsiale Departement van Landbou, Bewaring en Omgewingsake (NWDACE)) vir die uitvoering van die voorgestelde projek. Eskom erken dus die behoefte vir omvattende, onafhanklike omgewingstudies wat ingevolge die OIE-regulasies onderneem moet word om magtiging vir die projek te kry. Die drie projek komponente is by DEAT geregistreer met die volgende verwysingsnommers: 12/12/20/1470 (Apollo-Verwoerdburg 400 kV transmissiekraglyn), 12/12/20/1471 (Kwagga-Phoebus 400 kV transmissiekraglyn) en 12/12/20/1524 (Konstruksie van die Phoebus substasie en die gepaardgaande uitbreiding van die Kwagga substasie).

'n OIE is 'n doeltreffende beplanning- en besluitnemingswerktuig. Dit bring mee dat omgewingsverwante gevolge wat voortspruit uit die oprigting en bedryf van 'n tegniese aanleg, geïdentifiseer en bestuur kan word. Dit bied ook 'n geleentheid aan die ontwikkelaar om vooraf in kennis gestel te wees teen enige potensiële omgewingsvraagstukke, en bied ook 'n geleentheid om die vraagstuk(ke) waarvoor verslag gedoen moet word, asook geaffekteerde partye op te los.

Eskom het Savannah Environmental aangestel as onafhanklike konsultante om 'n Bestekopname- en Omgewingsimpakevaluering te onderneem om alle gepaardgaande potensiële omgewingsimpakte betreffende die voorgestelde projek vir die geïdentifiseerde gebied te identifiseer en te evalueer, en om gepaste versagende maatreëls in 'n Omgewingsbestuursplan (EMP) voor te stel. As deel van hierdie omgewingstudies, sal B&GP's aktief betrokke raak deur die openbare deelnameproses.

Die fases van 'n OIE is:



WAT IS DIE POTENSIËLE OMGEWINGSIMPAAKTE WAT MET DIE VOORGESTELDE PROJEK GEPAARDGAAN?

'n Aantal potensiele omgewingsimpakte wat gepaardgaan met die voorgestelde projek was geïdentifiseer. Hierdie potensiele impakte sal deur die volgende spesialis studies geëvalueer word:

- » Impakte op die maatskaplike omgewing, insluitend grondgebruik en toerisme-potensiaal
- » Impakte op die ekologie, dierelewe en plantlewe
- » Impakte op die erfenisterreine
- » Impakte aan die visuele gehalte en estetika
- » Impakte op die voellewe
- » Landbou impakevaluering

Hierdie spesialis studies sal in twee fases onderneem word:

1. 'n Werkskerm (Desktop) Bestekopnamestudie, waartydens die potensiele vraagstukke wat met die geïdentifiseerde alternatiewe gepaardgaan, geëvalueer word.
2. 'n Gedetailleerde evaluering van die potensieel wesenlike impakte wat tydens die Bestekopnamefase geïdentifiseer was. Praktiese en 'n uitvoerbare versagende maatreëls sal aanbeveel word ten einde die potensieel wesenlike impakte wat geïdentifiseer was, te versag. Hierdie aanbevelings sal met konsep in Omgewingsbestuursplan (EMP) vervat word.

Die potensiele omgewingsimpakte wat gepaardgaan met die laat van die omgewing soos dit huidiglik is, van die voorgestelde projek sal deur die OIE-proses ondersoek word. Spesialis studies sal toegelig word deur bestaande inligting, veldwaarnemings en insette van die openbare deelnameproses. U insette as 'n B&GP word as 'n belangrike deel van hierdie proses geag, en ons moedig u aan om betrokke te raak.


OPENBARE DEELNAMEPROSES

Die deel van inligting vorm die grondslag van die openbare deelnameproses en bied u die geleentheid om uit die staanspoor aktief by die OIE betrokke te raak. Kommentaar en insette van B&GP's tydens die OIE-proses word aangemoedig ten einde te verseker dat oorweging geskenk kan word aan potensiele impakte binne die omvang van die studie.

Die openbare deelnameproses poog om te verseker dat:

- » inligting wat al die tersaaklike feite met betrekking tot die aansoek bevat, aan B&GP's beskikbaar gestel word vir oorsig.
- » deelname deur potensiele B&GP's op so 'n wyse gefasiliteer word dat B&GP's 'n redelike geleentheid gegun word om kommentaar te lewer oor die aansoek.
- » toereikende oorsigtyperke aan B&GP's gebied word om kommentaar te lewer oor die bevindinge van die konsep Bestekopname- en OIE-verslag.

Ten einde doeltreffende deelname te verseker, sluit die openbare deelnameproses die volgende stappe in:



U VERANTWOORDELI KHEDE AS 'N B&GP

Ingevolge die OIE-regulasies, word u aandag gevestig op u verantwoordelikhede as 'n B&GP:

- » Ten einde aan hierdie OIE-proses deel te kan neem, moet u self op die projek databasis registreer.
- » U moet toesien dat enige kommentaar rakende die voorgestelde projek binne die gestipuleerde tydsgleuwe ingedien word. Daar word van u verlang om enige regstreekse sake-, finansiële-, persoonlike- of ander belange wat u dalk mag hê vir die goedkeuring of afkeuring van die die voorgestelde projek, bekend te maak.

HOE OM BETROKKE TE RAAK

1. Deur te reageer (telefonies, per faks of per vonkpos) op ons uitnodiging vir u betrokkenheid wat in die plaaslike en nasionale koerante geadverteer was.
2. Deur die aangehegte Antwoordvorm aan die tersaaklike kontakpersoon terug te stuur.
3. Deur die vergaderings by te woon wat gedurende die verloop van die projek gehou sal word. As 'n geregistreerde B&GP sal u outomaties uitgenooi word om hierdie vergaderings by te woon. Die datums vir die openbare vergaderings sal ook in plaaslike en streekkoerante geadverteer word.
4. Deur die konsultant te kontak met enige navrae of kommentaar aangaande die beoogde projek.
5. Deur 'n oorsig en kommentaar te bied oor die konsep Bestekopname- en OIE-verslag, en dit binne die gestipuleerde 30-dae oorsigtydperke aan ons terug te stuur.

Indien u self as B&GP vir hierdie voorgestelde projek ag, moedig ons u aan om gebruik te maak van die geleentheid wat geskep word deur die openbare deelnameproses om kommentaar te lewer of vraagstukke en/of knelpunte te opper wat u raak en/of waarin u belangstel en waaroor u meer inligting verlang. U insette in hierdie proses vorm 'n belangrike element van die OIE-proses.

Deur die meegaande Antwoordvorm te voltooi en in te dien, registreer u self outomaties as 'n B&GP vir hierdie projek en verseker u dat u kommentaar, knelpunte of navrae wat betreffende hierdie projek geopper word, aangeteken sal word.

KOMMENTAAR EN NAVRAE

Rig alle kommentaar, navrae of antwoorde aan:

Savannah Environmental (Edms.) Bpk.
Kontak: Alicia Govender
Tel: 011 234 6621
Faks: 086 684 0547
Vonkpos: alicia@savannahSA.com


Vir dokumentasie wat met die projek gepaardgaan, besoek

www.savannahsa.com

Apollo - Verwoerdburg Locality Map

Legend

- Transmission Substation
- Distribution Substation
- Alternative 1
- Alternative 2
- Transmission Lines
- Distribution Lines
- Study Area
- Municipal Boundary



Kwaga - Phoebus Locality Map

Legend

- Transmission Substation
- Distribution Substation
- Alternative 1
- Alternative 2
- Alternative 3
- Distribution Lines
- Transmission Lines
- Municipal Boundary

